education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 3

NOVEMBER 2008

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE

Afdeling A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer.

AFDELING A: KREATIEWE TEKS (OPSTEL)

1.1 VERHALENDE OPSTEL

Hou die volgende in gedagte:

- Dit gaan oor iets wat gebeur het en vertel word (’n storie of gebeurtenis)
- ’n Sterk oortuigende storielyn.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is
  die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond /atmosfeer is geslaagd.
- ’n Treffende inleiding wat die leser boei.
- ’n Verrassende slot.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

1.2 BESPIEGELENDE OPSTEL

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink.
- Verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg
- ‘n Eie mening word gevorm (logies en sistematies).
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

1.3 FEITE–OPSTEL

- Feitelike navorsing word aangebied.
- Feite word akkuraat gegee.
- Die leser word tot insig en kennis gelei.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

1.4 POËTIESE PRIKKEL

- Kunssinnige vertolking van prikkel.
- Woordgevoelig
- Duidelike ‘lyn/tema’ in skryfstuk
- Oorspronklike, maar nie vergesog nie
- Riglyne vir: Verhalende, bespiegelende en feite - opstel: vergelyk 1.1 – 1.3.
- Riglyne vir beskrywende opstel: vergelyk 1.5.

1.5 VISUELE PRIKKELS

Hou die volgende in gedagte:

- Die prikkels leen hulle tot verskillende aanbiedings.
- Daar mag slegs oor EEN prikkel geskryf word.
- Riglyne vir: Verhalende, bespiegelende en feite-opstel: kyk 1.1–1.3

- **BESKRYWENDE OPSTEL**
- Waarnemings met al vyf sintuie wat goeie woordeskat vereis.
- Insig, begrip, ’n eie belewing en sinvolheid geniet aandag. (Dus meer as net die
  opnoem van waarnemings.)
- Tekste kan varieer van meer realisties na ’n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word op ’n oorspronklike wyse aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

- **BEREDENERENDE OPSTEL**
- Dit gaan oor iets waaroor standpunt ingeneem word**.**
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- 'n Gevolgtrekking word bereik.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Afdeling B word volgens die rubriek uit 30 geassesseer.

VRAAG 2

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

- Gepaste vorm.
- Inhoud: oorspronklik en kreatief, oortuigend.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

2.2 **KOERANTBERIG**

- Gepaste vorm.
- Toonaard, register en styl is gepas.
- Die saak word duidelik gestel.
- Stellings word gemotiveer.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

2.3 **TOESPRAAK**

- Inhoud: oorspronklik, kreatief.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

TOTAAL AFDELING B: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Afdeling C word volgens die rubriek uit 20 geassesseer.

VRAAG 3

3.1 **WENKE VIR AFSPRAAK**

- Ten minste twee of meer wenke moet genoem word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik moet aandag geniet.
- Dit kan kreatief aangebied word.
- Volsinne word gebruik: geen telegramstyl nie.
- Die skryfstuk kan puntsgewys, diagrammaties of in paragraafvorm aangebied word.

3.2 **STROOIBILJET**

- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik moet aandag geniet.
- Volsinne word gebruik: geen telegramstyl nie.
- Relevante inligting soos tyd, plek, koste ens. kom voor.
- Geen grafika/sketse word vereis nie; slegs die inligting.

3.3 **VERSKONINGS**

- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik moet aandag geniet.
- Volsinne word gebruik: geen telegramstyl nie.
- Aanbieding mag varieer (puntsgewys, diagrammaties, paragraaf).

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

		Uitmuntend	**Verdienstelik**	**Beduidend**	**Voldoende**	**Matig**	**Basies**	**Ontoereikend**
AFRIKAANS HUISTAAL RUBRIEK NSS AFDELING A: OPSTEL 50 PUNTE	**TAAL**	–Taal, punktuasie effektief gebruik. Gebruik gevorderde en gepaste figuurlike taal. –Woordkeuse gevorderd en uitgebreid. –Sinne en paragrawe briljant saamgestel. –Styl, toon, register hoogs toepaslik vir onderwerp. –Teks feitlik foutvry na proeflees en redigering –Lengte in ooreen-stemming met vereistes van onderwerp.	–Taal, punktuasie korrek, en kan figuurlike taal toepaslik gebruik. –Woordkeuse gevarieerd en kreatief. –Sinne en paragrawe logies gevarieerd. –Styl, toon, register toepaslik vir onderwerp. –Teks grootliks foutvry na proeflees en redigering –Lengte korrek.	–Taal en punktuasie meestal korrek. –Woordkeuse gepas by teks. –Sinne en paragrawe goed saamgestel. –Styl, toon, register toepaslik vir onderwerp. –Teks meestal foutvry na proeflees en redigering –Lengte korrek.	–Taal eenvoudig, punktuasie voldoende. –Woordkeuse voldoende. –Sinne en paragrawe kan plek–plek foutief wees, maar opstel maak nog sin. –Styl, toon, register pas konsekwent by vereistes vir onderwerp. –Teks het steeds foute na proeflees en redigering. –Lengte korrek.	–Taal middelmatig en punktuasie word gereeld verkeerd gebruik. –Woordkeuse basies. –Sinne en paragrawe foutief, opstel maak nog sin. –Styl, toon, register ontbreek aan samehang. –Teks het baie foute na proeflees en redigering. –Lengte – te lank / kort.	–Taal en punktuasie: vol foute –Woordkeuse beperk. –Elementêre konstruksie van sinne en paragrawe. –Styl, toon, register ontoepaslik. –Teks wemel van foute na proeflees en redigering. –Lengte – te lank / kort.	–Taal en punktuasie uiters swak. –Woordkeuse ontoepaslik. –Sinne en paragrawe deurmekaar en sonder samehang. –Styl, toon, register foutief in alle aspekte. –Teks wemel van foute en is steeds deurmekaar na proeflees en redigering. –Lengte – ver te lank / kort.
INHOUD		**Kode 7: 80–100%**	**Kode 6: 70–79%**	**Kode 5: 60–69%**	**Kode 4: 50–59%**	**Kode 3: 40–49%**	**Kode 2: 30–39%**	**Kode 1: 00–29%**
Uitmuntend –Inhoud uitstaande, baie oorspronklik. –Idees: gedagtegang uitdagend, uitgebreid. –Samehangende ontwikkeling van onderwerp. Duidelike, uitstaande besonderhede. Krities bewus van onderwerp. –Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van foutlose beplande opstel.	80–100% Kode 7	**40 – 50**	**38 – 42**	**35 – 39**				
Verdienstelik –Inhoud prysenswaardig, oorspronklik. –Idees: verbeeldingryk en interessant. –Logiese ontwikkeling van inhoud. Samehangend –Krities bewus van impak van taal. –Bewys van beplanning en / of konsep daarvan lei tot aanbieding van goed beplande opstel.	70–79% Kode 6	**38 – 42**	**35 – 39**	**33 – 37**	**30 – 34**			
Beduidend –Inhoud is gegrond, redelik samehangend. –Idees: interessant, oortuigend. –Verskeie toepaslike besonderhede ontwikkel. –Kritiese bewustheid van taal is duidelik. –Bewys van beplanning en / of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n baie goeie opstel.	60–69% Kode 5	**35 – 39**	**33 – 37**	**30 – 34**	**28 – 32**	**25 – 29**		
Voldoende –Inhoud aanvaarbaar ,samehang voldoende. –Idees: interessant, oorspronklikheid is voldoende –By sommige aspekte is daar ontwikkeling van die nodige besonderhede. –Soms is daar tekens van kritiese bewustheid van taal. –Bewys van beplanning en / of konsep daarvan lei tot aanvaarbare aanbieding van opstel.	50–59% Kode 4		**30 – 34**	**28 – 32**	**25 – 29**	**23 – 27**	**20 – 24**	
Matige –Inhoud middelmatig, gewoon. Leemtes in samehang. –Idees: meestal relevant, oorspronklikheid beperk. –Mees belangrike besonderhede is teenwoordig. –Kritiese taalbewustheid beperk. –Bewys van beplanning en / of konsep daarvan lei tot middelmatige, samehangende aanbieding van opstel.	**40–49% Kode 3**			**25 – 29**	**23 – 27**	**20 – 24**	**18 – 22**	**15 – 19**

Basiese –Inhoud nie altyd duidelik, samehang ontbreek. –Idees: min idees, gereelde herhaling, –Onderwerp nie deurgaans aangespreek nie, gedagtegang kan tog gevolg word. –Beplanning onaanvaarbaar vir Huistaalvlak, opstel nie goed aangebied nie.	**30–39% Kode 2**				**20 – 24**	**18 – 22**	**15 – 19**	**03 – 17**
Ontoereikend –Inhoud grootliks nie van toepassing nie. Geen samehang. –Idees: vervelig, herhalend, nie oor onderwerp nie. –Ontoereikende beplanning, swak aanbieding van opstel.	**00–29% Kode 1**					**15 – 19**	**03 – 17**	**00 – 14**

		Uitmuntend	Verdienstelik	Beduidend	Voldoende	Matige	Basies	Ontoereikend
AFRIKAANS HUISTAAL RUBRIEK NSS **AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE** **30 PUNTE**	**TAAL**	–Formaat is van 'n hoog-staande standaard. –Teks is grammatikaal korrek en briljant saamge stel. –Woordkeuse van hoog-staande standaard en uiters geskik vir die doel, gehoor en konteks. –Styl, toon, register is van hoogstaande standaard en hoogs toepaslik. –Na proeflees en redigering is teks feitlik foutvry. –Lengte korrek.	–Reëls van betrokke formaat baie goed toegepas. –Teks is baie goed saamge-stel en korrek. –Woordkeuse is baie geskik vir die doel, gehoor en konteks. –Styl, toon en register is toe-paslik vir die vereistes van die teks. –Na proeflees en redigering is teks grootliks foutvry. –Lengte korrek.	–Voldoen goed aan formaat-vereiste van teks. –Teks is goed saamgestel en lees maklik. –Woordkeuse is toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks. –Styl, toon en register is meestal toepaslik. –Na proeflees en redigering is teks meestal foutvry. –Lengte korrek	–Voldoen aan formaat-vereiste van teks. –Teks is so saamgestel dat dit maklik lees. Foute beïnvloed nie leesbaarheid nie. –Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks. –Styl, toon en register is taamlik toepaslik –Na proeflees en redigering het teks foute. –Lengte korrek.	–Het 'n matige idee van formaat van teks – nalatige foute is gemaak. –Teks net basies saam-gestel. Verskeie foute. –Woordkeuse is beperk en nie baie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. –Gebreke in styl, toon en register. –Na proeflees en redigering het teks verskeie foute. –Lengte te lank of te kort.	–Het 'n vae idee van formaat van teks. –Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg. –Woordkeuse het remediëring nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. –Styl, toon en register nie geskik nie. –Teks besaai van foute t.s.v. proeflees en redigering. –Lengte te lank of te kort.	–Het nie formaat van teks toegepas nie. –Teks is baie swak saam-gestel en baie moeilik om te volg. –Woordkeuse het ernstige remediëring nodig en is nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie –Styl, toon en register korrespondeer nie met onderwerp nie. –Teks besaai van foute en deurmekaar t.s.v. proeflees en redigering. –Lengte ver te lank of te kort.
INHOUD		**Kode 7: 80–100%**	**Kode 6: 70–79%**	**Kode 5: 60–69%**	**Kode 4: 50–59%**	**Kode 3: 40–49%**	**Kode 2: 30–39%**	**Kode 1: 00–29%**
Uitmuntend –Uitgebreide gespesialiseerde kennis van vereistes vir teks. –Vertoon 'n grondige bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou streng fokus, geen afwyking nie. –Algehele samehang in terme van inhoud en idees, baie uitgebreid, alle besonderhede ondersteun onderwerp. –Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van foutlose en goed beplande teks.	**Kode 7: 80–100%**	**24 – 30**	**23 – 25**	**21 – 23**				
Verdienstelik –Baie goeie kennis van vereistes vir teks. –Vertoon 'n grondige bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwyking nie –Inhoud en idees van teks is samehangend, baie goeie uitbreiding, al die besonderhede ondersteun die onderwerp. –Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n goed beplande teks.	**Kode 6: 70–79%**	**23 – 25**	**21 – 23**	**20 – 22**	**18 – 20**			
Beduidend – Redelike kennis van vereistes van teks. – Vertoon 'n algemene bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). – Skryfwerk – leerder behou fokus, geringe afwyking. – Inhoud en idees van teks is meestal samehangend, goeie uitbreiding, meeste van die besonderhede ondersteun die onderwerp. – Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n goed beplande teks.	**Kode 5: 60–69%**	**21 – 23**	**20 – 22**	**18 – 20**	**17 – 19**	**15 – 17**		

Voldoende –Voldoende kennis van vereistes van teks. –Vertoon 'n bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Skryfwerk – leerder wyk van die onderwerp af, maar belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. –Inhoud en idees van teks is l samehangend, uitbreiding, van die besonderhede ondersteun die onderwerp. –Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n bevredigende teks.	**Kode 4: 50–59%**		**18 – 20**	**17 – 19**	**15 – 17**	**14 – 16**	**12 – 14**	
Matige –Matige kennis van vereistes van teks Reaksie op teks vertoon 'n beperkte fokus. –Vertoon 'n beperkte bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Skryfwerk: leerder wyk af, belemmer betekenis van teks plek–plek. –Inhoud en idees van teks is nie altyd l samehangend, besonderhede onder steun die onderwerp soms. –Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot middelmatige, samehangende aanbieding van teks.	**Kode 3: 40–49%**			**15 – 17**	**14 – 16**	**12 – 14**	**11 – 13**	**09 – 11**
Basiese –Basiese kennis van vereistes van teks Reaksie op teks vertoon 'n baie beperkte fokus. –Vertoon 'n baie beperkte bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks plek–plek nie van toepassing. –Inhoud en idees van teks is nie altyd l samehangend, min besonderhede ondersteun die onderwerp. –Beplanning/konsep onaanvaarbaar vir Huistaalvlak, teks nie goed aangebied nie.	**Kode 2: 30–39%**				**12 – 14**	**11 –1 3**	**09 – 11**	**02 – 10**
Ontoereikend –Geen kennis van vereistes vir teks nie. –Vertoon geen kennis van wyer kontekste in skryfwerk nie (portefeulje). –Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks nie van toepassing nie. –Inhoud en idees nie samehangend, baie min besonderhede ondersteun die onderwerp. –Onvoldoende beplanning/konsep. Teks swak aangebied.	**Kode 1: 00–29%**					**09 – 11**	**02 – 10**	**00 – 08**

		Uitmuntend	Verdienstelik	Beduidend	Voldoende	Matige	Basiese	Ontoereikend
AFRIKAANS HUISTAAL RUBRIEK NSS **AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE** **20 PUNTE**	TAAL	–Formaat is hoogstaande en toepaslike –Teks is grammatikaal korrek en briljant saamgestel. –Woordkeuse van hoogstaande standaard en uiters geskik vir die doel, gehoor en konteks. –Styl, toon, register is hoogs toepaslik. –Na proeflees en redigering is teks foutvry. –Lengte korrek.	–Noodsaaklike reëls van formaat is baie goed toegepas. –Teks is korrek en goed saamgestel. –Woordkeuse is baie geskik vir die doel, gehoor en konteks. –Gepaste styl, toon, register vir vereistes van opdrag. –Na proeflees en redigering is teks grootliks foutvry. –Lengte korrek.	–Noodsaaklike reëls van formaat is toegepas. –Teks goed saamgestel en lees maklik. –Woordkeuse is geskik vir die doel, gehoor en konteks. –Styl, toon, register is meestal toepaslik. –Na proeflees en redigering is teks meestal foutvry. –Lengte korrek.	–Noodsaaklike reëls van formaat is toegepas. –Teks goed saamgestel en lees maklik. –Woordkeuse is geskik vir die doel, gehoor en konteks. –Styl, toon, register is meestal toepaslik. –Na proeflees en redigering is teks meestal foutvry. –Lengte korrek.	–Noodsaaklike reëls van formaat is vaag toegepas – nalatige foute is gemaak. –Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. –Woordkeuse is beperk en nie baie gepas vir die doel, gehoor en konteks. –Gebreke in styl, toon en register. –Na proeflees en redigering het teks verskeie foute. –Lengte te lank of te kort.	–Noodsaaklike reëls van formaat is baie vaag toegepas. –Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg. – Woordkeuse het remediëring nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. –Styl, toon en register nie geskik nie. –Teks besaai van foute t.s.v. proeflees en redigering. –Lengte te lank of te kort.	–Noodsaaklike reëls van formaat is nie toegepas nie. –Teks is swak saamgestel en baie moeilik om te volg. –Woordgebruik het ernstige remediëring nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. –Styl, toon en register nie in ooreenstemming met onderwerp nie. –Teks besaai van foute en deurmekaar t.s.v. proeflees en redigering. –Lengte ver te lank of te kort.
INHOUD		**Kode 7: 80–100%**	**Kode 6: 70–79%**	**Kode 5: 60–69%**	**Kode 4: 50–59%**	**Kode 3: 40–49%**	**Kode 2: 30–39%**	**Kode 1: 00–29%**
Uitmuntend –Uitgebreide gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. –Vertoon 'n grondige bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwyking. –Algehele samehang wat inhoud en idees betref, hoogstaande uitbreiding, al die besonderhede ondersteun onderwerp. –Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van foutlose en goed beplande teks.	**Kode 7: 80–100%**	**16 – 20**	**16**	**14 – 16**				
Verdienstelik –Baie goeie kennis van vereistes van teks. –Vertoon 'n breë bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwyking. –Is samehangend wat inhoud en idees betref, baie goeie uitbreiding, al die besonderhede ondersteun onderwerp. –Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van goed beplande teks.	**Kode 6: 70–79%**	**16**	**14 – 16**	**14**	**12 – 14**			
Beduidend –Goeie kennis van vereistes van teks. –Vertoon 'n algemene bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Skryfwerk – leerder behou fokus, klein afwykings. –Teks is meestal samehangend wat inhoud en idees betref, uitbreiding, meeste van besonderhede ondersteun onderwerp. –Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van foutlose en goed beplande teks.	**Kode 5: 60–69%**	**14 – 16**	**14**	**12 – 14**	**12**	**10 – 12**		

Voldoende –Voldoende kennis van vereistes van teks. –Vertoon 'n bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Skryfwerk – leerder wyk af, maar dit belemmer nie betekenis nie. –Teks voldoende samehangend wat inhoud en idees betref, sommige besonderhede ondersteun onderwerp. –Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n bevredigende teks.	**Kode 4: 50–59%**		**12 – 14**	**12**	**10 – 12**	**10**	**08 – 10**	
Matige –Matige kennis van vereistes van teks. Respons op opdrag toon beperkte fokus. –Vertoon 'n beperkte bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Leerder wyk af, betekenis plek–plek vaag. –Teks matig samehangend wat inhoud en idees betref, sommige besonderhede ondersteun onderwerp. –Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot middelmatige, samehangende aanbieding van teks.	**Kode 3: 40–49%**			**10 – 12**	**10**	**08 – 10**	**08**	**06 – 08**
Basiese –Net basiese kennis van vereistes van teks. Respons op opdrag toon baie beperkte fokus. –Vertoon 'n baie beperkte bewustheid van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Leerder wyk af, betekenis soms onduidelik. –Teks nie altyd samehangend wat idees en inhoud betref. Baie min besonderhede ondersteun onderwerp. –Beplanning/konsep onaanvaarbaar vir Huistaalvlak, teks nie goed aangebied nie.	**Kode 2: 30–39%**				**08 – 10**	**08**	**06 – 08**	**02 – 06**
Ontoereikend –Geen kennis van vereistes van teks. –Vertoon geen kennis van wyer kontekste in skryfwerk (portefeulje). –Leerder wyk af, betekenis onduidelik. –Teks nie samehangend wat idees en inhoud betref nie. Weinig besonderhede ondersteun onderwerp. –Onvoldoende beplanning/konsep. Teks swak aangebied	**Kode 1: 00–29%**					**06 – 08**	**02 – 06**	**00 – 02**

Kopiereg voorbehou